**23 Desember** **Skrifgedeelte: 1 Timoteus 2:1-7**
**Fokusgedeelte: NGB, Art 36**

## Die taak van die onderdaan – bid vir die owerheid

Bestaan daar dalk ’n direkte verband tussen die afname in gebede vir die owerheid en die toename aan misdaad in ons land? Hierdie vraag kan seker moeilik beantwoord word. Die statistiek oor misdaad is immers nie bekend nie, en statistiek oor gebede is nog skaarser! “So ’n verband kan nie bewys word nie,” sal jy sê. Maar let op die “sodat” in vers 2. ’n Rustige en stil lewe hou definitief verband met gebede “vir dié wat regeer en almal wat gesag uitoefen …”

Hoe verlang ons nie na ’n rustige en stil lewe nie! Met soveel ontstellende dinge wat elke dag gebeur voel ’n mens hoe jou gemoed ontspoor, hoe ’n lewe van “volkome toewyding aan God” en ’n eerbare lewe (vers 2) “wat goed en aanneemlik” vir God is (vers 3), belemmer word. Misdaad raak ons almal! Dit is ’n kultuur van geweld en antigeweld wat ons almal insuig. In so ’n kultuur is dit ook baie moeilik om God se evangelie van vrede aan alle mense te bedien (vers 4).

Begin vandag terugveg teen die golf van misdaad en onrus wat oor ons land en ons lewe spoel. God gee jou daarvoor die kragtigste wapen wat bestaan: die GEBED! Maar, sê Paulus, die eerste saak wat op jou gebedslys moet wees is die owerheid en almal wat gesag uitoefen! Paulus dui ook aan hoe die gebed vir hierdie leiers moet lyk. Dit moet “smeking, voorbidding én danksegging” bevat (vers 1). Dalk sal só ’n gebed baie selfkruisiging van jou vra. Beskou dit as ’n offer vir ‘n rustige en stil lewe!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*